

22 Oktober

Verskuifde blik op swaarkry

Skrif- en Fokusgedeelte: 1 Petrus 1:6-7; 1 Korintiërs 10:13

Vir gestremdheid is daar geen menslike antwoorde wat werklik vertrous nie! En die rede vir ons oënskynlike troosteloosheid is die sonde en gevolge daarvan. Siekte, pyn, dood, gestremdheid, armoede en hongersnood, MIV/vigs, ensovoorts.

Paulus skryf vir die Korintiërs om te waak teen die versoekings van die tyd (veral onsedelikheid en afgodery). Satan gebruik die versoekings om gelowiges uit God se hand te probeer ruk. God verseker ons egter dat Hy getrou is en dat Hy nie sal toelaat dat jy bo jou kragte versoek word nie. En as die versoeking kom, sal God ook die uitkoms gee, sodat jy dit kan weerstaan.

Dieselfde woord wat Paulus gebruik vir *versoeking* in 1 Korintiërs 10:13, gebruik Petrus in 1 Petrus 1:6, vertaal met *beproewing*. In wese dieselfde saak: gevolge van die sondeval. Die een (versoeking) gebruik Satan om jou te laat twyfel, jou weg te trek van God. Die ander (beproewing), gebruik God om jou nader te trek, jou geloof te versterk.

Waar Satan ons gestremdheid gebruik as *versoeking* om ons weg te trek van God, my in Hom wil laat twyfel, gebruik God ons gestremdheid as *beproewing* om ons nader te trek en ons geloof te versterk. Deur sy Woord en Heilige Gees lei Hy ons dat ons nie altyd alles kan en hoef te verstaan nie (vgl. 1 Kor 13:12). Maar Hy gee ongekende, bó-menslike troos. Hy gee selfs rede tot blydschap in beproewing met God se eer as einddoel (1 Pet 1:6-7).

Mag jy vandag vreugde vind in die sekerheid dat niks jou van God se liefde kan skei nie (vgl. Rom 8:28, 37-39).

Sing: Psalm 116:1, 2 (TT Cloete)

Ds. Ockert Oosthuizen (Cullinan)